Tradisionele Boeremusiekklub van Suid-Afrika
Posbus 55540
Arcadia
0007
12 November 1998

Geagte lid,

Soos in Nuusbrief 3/98 belowe was, is hierdie dan die laaste stukkie nuus vir 1998, wat saam met Oom Piet Bester se **VASTRAPPER** gestuur word.

1. **NUWEJAARSBOODSKAP :** Die volgende is van die Nasionale Voorsitter van die TBK ontvang :

"Mag die Vrede en Liefde van Kersfees 1998 vir u elkeen die werklike betekenis inhou en die nuwe jaar vir u goeie gesondheid, voorspoed en baie liefde bring, die hele jaar deur."

2. **VAN DIE HOOFBESTUUR** : Hiermee wil die hoofbestuur van die TBK sy dank en waardering uitspreek aan u almal wat die afgelope jaar die verskillende takke ondersteun en 'n bydrae gelewer het - al is dit hoe klein - dit word baie waardeer. Aan almal wat 'n briefie in die pos gegooi het net om dankie te sê vir die werk wat die TBK bestuur doen, baie dankie. Aan al die orkeste en musikante wat op byeenkomste opgetree het, baie dankie vir jul onbaatsugtige ondersteuning - julle het baie bygedra tot die bevordering van tradisionele boeremusiek. Ook aan almal wat "agter die skerms" werk vir die TBK gedoen het, 'n hartlike dank - ons wens ons kon elkeen 'n handdruk gegee het net om dankie te sê.

Aan almal wat geliefdes die afgelope jaar verloor het, bid ons krag en sterkte toe en ons hoop en vertrou dat u die krag en sterkte van Bo sal ontvang om voort te gaan - veral oor Kersfees en Nuwejaar. Ons deel in u leed.

Waar ons dan nou aan die vooraand van 'n nuwe jaar staan, wil die hoofbestuur dan ook van hierdie geleentheid gebruik maak om u, u gesin en familie-lede elkeen 'n geseënde Kersfees en 'n baie voorspoedige 1999 toe te wens. Mag al u drome, voornemens en wense vir 1998 bewaarheid word. Mag die beste van 1998 die slegste in 1999 wees. As u met vakansie gaan, ry versigtig, geniet u rustydjie en kom weer veilig tuis. Ons hoop dat u goed uitgerus en lus sal hê om die probleme van 1999 (wat dit ook al mag wees) vierkantig in die oë te kyk en 'n nietigheid daarvan sal maak.

3. **LANGSPEELPLATE EN KASSETTE :** Tydens 'n hoofkomitee vergadering is besluit om die prys van alle langspeelplate en kassette soos volg te verlaag : Plate R10-00 (op byeenkomste) en kassette R15-00 (op byeenkomste). Indien u per pos wil bestel, moet posgeld bygereken word, wat naasteby soos volg bereken kan word : 1 plaat se posgeld is R10-50 – daar kan 3 plate per kartonhouer gepos word en die posgeld daarop is R15-00. Hierdie besluit is geneem omdat die verkope van die plate en kassette die afgelope jaar of wat so te sê stil gestaan het a.g.v. die kom van laserskywe (CD's). Ons weet dit is onregverdig teenoor ons lede wat nie die byeenkomste kan bywoon nie, maar ongelukkig is daar geen ander uitweg nie. Skakel asb vir Mev Gerda du Plessis (012 548-0956) vir meer inligting ('n katalogus is beskikbaar).

4. **BYEENKOMSTE VIR 1999 :** Op hierdie stadium het ons nog nie al die datums van die takke sy byeenkomste vir '99 ontvang nie, dus gee ons die eerste datums wat wel bekend is. Ons beplan om, soos in die verlede, weer 'n volledige lys van al die takke se byeenkomste vir '99 saam met die eerste nuusbrief (in Februarie) te stuur.

a. **Pretoria-tak :** Die Oudag Boere-orkes se Oujaarsaand dans : 31 Desember in die Akasia stadsaal. Dit sal die orkes se heel laaste optrede wees – kom ons kyk of ons die saal stampvol kan maak om sodoende vir hulle dankie te sê vir hul bydraes tot tradisionele boeremusiek. Toegang : R40-00 per paar (R20-00 enkel). Die tak se eerste byeenkoms is op die 8ste Februarie ook in die Akasia stadsaal. Kontakpersoon : Tom Adams (012) 651-3700.

b. **Wesrand-tak** : Die tak se eerste byeenkoms is op die 30ste Januarie in die Roodepoort stadsaal. Kontakpersoon : Oom Ben Low (011) 764-2205 (H)

c. **Vaaldriehoek-tak** : Die tak se eerste byeenkoms is op die 27ste Februarie in die Vereeniging stadsaal. Kontakpersoon Peet van Staden (016) 981-2605.

d. **Bloemfontein-tak** : Die tak se eerste byeenkoms is op die 30ste Januarie in die Posduifsaal. Kontakperone : Neels Botha (051) 433-3311 (H) of Jasper Vlok (051) 522-1839 (H)

d. **Vaalharts-tak (Hartswater)** : Die tak se byeenkomste vir '99 kon nog nie vasgemaak word nie, maar skakel gerus vir Dries van Wyk by telefoonnommer (053) 471-0189 (H)

e. **Karoo-tak** : Die tak se byeenkomste vir '99 kon ook nog nie vasgemaak word nie, maar u kan vir Hansie Erasmus skakel by (049) 836-9053 (H) vir meer besonderhede

f. **Goudveld-tak** : Die tak se eerste byeenkoms is op die 6de Februarie, wanneer die AJV sal plaasvind. Kontakpersoon Hennie Ferreira (057) 217-3124 (H).

h. **Pietersburg-tak** : Die tak se eerste byeenkoms is op die 6de Februarie in die Polisie Ontspanningsaal. Kontakpersoon Oom Piet Bester by (015) 293-1374 (H).

5. **POS TERUG** : Die volgende lid se pos het teruggekom, indien u weet wat sy nuwe posadres is, laat ons asb weet :
a. Mnr J.H.L. Venter, Posbus 264468, Drie Riviere 1935 (Posbus gesluit)

6. **OORLEDE :** Dit is met leedwese dat ons die afsterwe van die volgende TBK lede bekendmaak :
   a. Oom Willie Botha van Van der Bijlpark op 8 Augustus
   b. Mnr Hennie Oosthuizen, Posbus 3804, Pietersburg op 17 Julie
   c. Mnr P.G. Rossouw van Komptonpark.

Hiermee dra ons die TBK se innige meegevoel oor aan die familielede en hoop en vertrou dat u krag en sterkte van Bo sal ontvang om voort te gaan.

7. **TBK GRONDWET :** Onverwagse "dinge" gebeur nog steeds daagliks - selfs in die TBK ! Hiermee saam is die TBK se grondwet, waarvan seker min van u weet wat dit alles behels. Lees dit asb deeglik/tydsaam/op-u-tyd deur en laat ons weet as daar iets is wat u nie verstaan of nie mee saamstem nie. Hou dit maar op 'n veilige plek vir toekomstige verwysing.

8. **VERLOF :** Soos dit maar elke jaar se "afspraak" is, gaan Doep en Gerda du Plessis en gesin so 'n bietjie vir die familie in die Kaap kuier en wel oor die tydperk **4de Desember tot die 3de Januarie**. As u enige navrae het i.v.m. CD's ens. kan u gerus vir Stephaan van Zyl by (012) 343-6876 (H) of vir my by (012) 651-3700 (H) skakel.

9. **GESOEK EN TE RUIL** : (a) Mnr M.E. Wiid, Posbus 38444, Hiberdene 4220 (telefoonnommer 039 699-3170) soek na 'n langspeelplaat van oom Chris Blignaut (*ongelukkig het ek nie die naam van die plaat gekry nie, Red*)
(b) Tienie Cronje soek na die boerekonsertinaplaat van Stephaan van Zyl. Indien u kan help, skakel (012) 335-6735 (H)
(c) Dan soek ek na BLS 2 ROOIDAG TOE van oom Hannes Viljoen. Ek is bereid om twee van die volgende plate daarvoor te ruil : BLS 8, TBK 3, TBK 6, Paul Ferns (saam met Willie Fourie), Boetie Kallis en sy "vrot orrel" of die Radio se Tradisionele Boere-orkes kompetisie van 1990. Skakel my asb by (0120 651-3700 (Tom).

10. **NUWE CD's** : Ons is trots om ons lede in kennis te stel dat die volgende opnames reeds op 'n "Meester CD Kopie" is
a. **Tradisionele Boeremusiek uit die Noorsveld** – gespeel deur Theo Slabbert – 18 nommers – net duskant 74 minute
b. **Oom Kerrie Bornman** – al 30 beskikbare opnames – net so duskant 74 minute
c. **Oom Jan van Rooyen en Oom Willie Bauscher (gemeng)** – al 30 beskikbare opnames – net duskant 74 minute
d. **Silver de Lange** – al 30 beskikbare opnames – Vol. 1 & 2 elk 15 nommers – net duskant 90 minute (hierdie sal as 'n dubbel CD te koop aangebied word, want ons kon ongelukkig nie al die nommers op een CD kry nie)
e. **Oudag Herinneringe** - 27 nommers – net duskant 70 minute – hierdie was die laaste nommers wat van die orkes opgeneem was. (**LW** *Die komponis van die Loerie wals word aangedui as H. Schoeman – dit is heeltemal verkeerd – dit is wel deur die Lydenburgse Vastrappers gespeel en +-1934 opgeneem op78-spoed plaat, GE466, met 'n Singer etiket. Dit word vermoed dat Chris Chomse die Loerie wals gekomponeer het. Ek vra om GROOT verskoning dat ek Flip Snyman se naam uitgelaat het onder die musikante - hy is natuurlik die banjo speler ! Flip ek skuld jou een ! Die "geskiedenis" van die Oudag is ook nie heeltemal korrek nie (ons vermoed dis van Gallo se personeellede wat "die taak aangepak het"! Red.)*
f. **Kers-feestyd klanke** : hierdie is gewyde musiek met boeremusiek instrumente, opgeneem in die Vaaldriehoek-tak van Peet van Staden. Let wel, hierdie was **NIE** 'n TBK projek nie, maar ons voel dat hierdie CD wel meriete het om op TBK byeenkomste verkoop te word. Dit is nie nét vir Kersfeestyd nie, maar kan deur die jaar gespeel word.
g. **My Droom Geluk** – hierdie CD was ook **NIE** 'n TBK projek nie – dit is kitaar- en banjopiek nommers van Gert Jooste – boeremusiek- en engelse nommers gemeng (soos bv One by One, There's no one like Mother, Ruiter settees, Hierjy wals)
h. **Die Vyf Vastrappers** – ons is nog hard besig om met die opnames te spook op die blikbrein ! Die opnames op 78 -spoed plate is nie meer so goed nie – as u miskien kan help met goeie opnames, laat ons seblief weet, baie dankie. (*T ot dusver het nog net EEN lid laat weet watter orkes(te) se musiek hy graag op CD sal wil sien. Die vraag is nog steeds :Stel ons lede belang om byvoorbeeld van die bogenoemde opnames (m.a.w. vorige langspeelplate op CD) aan te skaf. Laat ons asb weet. Red.*

So het ons dan (weereens) aan die einde van nog 'n jaar se nuusbriewe gekom. Ons sien uit na volgende jaar (wat dit ook al mag bring !) - ek hoop ek sal die eer hê om die 1,000ste lid van die TBK in 1999 bekend te maak.

Beste wense en tradisionele boeremusiekgroete van huis tot huis.

(T.E. Adams (Tom) : Voorsitter : Pretoria-tak van die TBK van S.A.)